# Wag op die Here! 8

8. **Wees sterk en hou goeie moed**

> *Wag op die Here! Wees sterk en hou goeie moed, ja wag op die Here!*
> *Psalm 27:14 (AFR20)*

Net in die vorige vers bely die digter dat hy verlore sou wees as hy *nie geglo het dat hy die goedheid van die Here sal beleef in die land van die lewendes nie*. Maar omdat hy glo, sê hy vir homself en vir ons om op die Here te bly wag. Dis noodsaaklik dat jy dit moet glo: dat jou wag op die Here nie tevergeefs sal wees nie. Hy sal jou nie teleurstel nie.

Hoekom is dit nodig om sterk te wees en moed te hê om op die Here te wag? Omdat ons as mense meestal nie naby genoeg aan God leef nie; omdat dit in tye van beproewing dikwels lyk of Hy Hom vir ons verberg. Dan dink ons ons glo nie goed genoeg nie, of ons wag nie reg nie, of dat ons nie oorgegewe genoeg leef nie. As jy so dink, skep moed, want God sê vir jou ook: *Wag op die Here! Wees sterk en hou goeie moed, ja wag op die Here!*

Wat die teks vir ons sê, is dat as jy op God wil wag, jy dit met 'n vaste verwagting moet doen dat God jou tegemoet sal kom en jou sal seën. Niks is immers so seker as die onverwagse seën wat jy sal ontvang as jy op God wag nie. Moenie ontmoedig word omdat jy nie 'n spesiale seën ontvang nie. Want as jy op God wag, moet jy dit bo alles met hoop in jou hart doen. Dit is God in sy heerlikheid, mag en liefde op Wie jy wag, en Hy wil jou graag seën.

As jy bang is jy bedrieg jouself met vals hoop omdat jy in jou huidige situasie niks sien of voel wat sulke verwagtings regverdig nie, onthou dan dat dit God is wat jou hierdie belofte gee. Onthou, jy wag nie om te sien wat jy voel of wat in jou lewe verander nie. *Jy wag op God*, om Hom te ken, en dan ook om te sien wat Hy doen. Die seën van om op God te wag is hierin geleë – Hy is so 'n wonderlike Wese, oorvloedig in goedheid en krag en lewe en vreugde, dat dit onvermydelik na ons oorvloei wanneer ons naby Hom leef, al is ons verdorwe in onsself.

God is liefde! Dit is hoekom jy op Hom kan hoop, want Hy wil Homself en sy seëninge aan sy kinders skenk. Kom dan, hoe swak

jy ook al voel, en wag in sy teenwoordigheid.. Hy sál sy werk in jou doen. *Wag op die Here!*

---


- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Wag op die Here! 7

7. **’n Pleit in gebed**

> *Mag onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want ek wag op U.*
> *Psalm 25:21 (AFR20)*

Die woord *wag* kom hier vir die derde keer in die psalm voor. Soos in vers 5 pleit die bidder dat God sal onthou dat hy op Hom wag en ’n antwoord verwag. Hy bid in die wete dat God weet hy wag. Dis ’n magtige pleidooi en gee die bidder steeds meer moed om die belofte op te eis: *Niemand wat op U wag word ooit beskaam nie.*

Hierdie aspek is baie belangrik in jou geestelike lewe: as jy God nader, moet dit in opregtheid wees; met integriteit en openhartigheid, soos ons in die volgende psalm lees: *Laat aan my reg geskied, Here, want ek was opreg in my doen en late … Maar ek sal lewe in opregtheid; red my en wees my genadig* (Ps 26:1 en 11, NLV). As jy die Heilige Een nader en sy volle seën wil ontvang, mag daar niks sondigs of twyfelagtigs in jou wees nie; jy moet heelhartig en volledig aan sy wil oorgegee wees.

*Want ek wag op U*. Díe woorde is nie net bedoel vir hierdie psalm nie; dit moet waar wees van elke gebed. Oordink dit totdat dit deel van jou geloofslewe is. Jy moet duidelikheid kry waarvoor jy wag, want dit kan verskillende dinge wees. Dit mag op ’n bewuswording wees van sy heilige teenwoordigheid en nabyheid, of ’n antwoord op ’n spesiale versoek. Of dalk wag jy om God se kragtige werking te beleef.

Jy moet ook weet op Wie jy wag – nie op ’n god wat moet inpas in wat jy wil hê nie, maar op die lewende God in al sy heerlikheid, oneindige heiligheid, krag, wysheid en goedheid, liefde en nabyheid; op dié God wat Homself in Christus deur sy Gees bekend gemaak het. Word stil, en wag op Hom, totdat jy weet Hy is naby.

*Ek wag op U*. Laat dit die grondhouding van jou geloofslewe wees. Dit sal offers verg; om geheel en al oorgegee aan God te leef, word dan jou enigste vreugde. Christus het juis daarvoor

gesterf: dat ons in die dampkring van God kan leef, die Bron van alle goedheid, vreugde en liefde. *Wag dan op Hom!*

---

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Wag op die Here! 6

6. **Vir al die heiliges**

*Ja, niemand wat op U wag, sal beskaamd staan nie …*
*Psalm 25:3a (AFR20)*

Vergeet vandag van jouself en dink aan die groot huishouding van God, gelowiges regoor die wêreld, wat almal saam met jou op God wag. *Ja, niemand wat op U wag, sal beskaamd staan nie.*

Dink vir ’n oomblik aan die wagtende menigte wat jou gebede nodig het: siekes en afgetakeldes en eensames vir wie dit lyk of hulle gebede onbeantwoord bly en vrees dat hulle hoop beskaam sal word. Dink aan die talle dienaars van God wat begin hoop verloor, wie se verlange na krag en seën onvervuld bly omdat hulle nie weet hoe om in God te rus en op Hom te wag nie.

As hierdie intersessie vir almal wat op God wag deel word van ons eie wag op Hom, sal ons mekaar se laste dra en so die wet van Christus vervul. So word selfloosheid en liefde deel van ons wag op God.

Liefde vir mekaar en liefde vir God kan nie van mekaar geskei word nie. In Christus is die Vader se liefde vir die Seun en vir ons dieselfde, en Hy verwag dieselfde liefde van ons: *Net soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief … Dit is my gebod: Julle moet mekaar liefhê, net soos Ek julle liefgehad het*. (Joh 15:9 en 12, AFR20). Dis hoekom ons vir mekaar moet bid.

Twee maal in hierdie psalm praat Dawid van sy eie wag op God, maar in vers 3 dink hy aan almal wat op Hom wag. O, dat almal wat moeg en oorlaai is dit mag weet: daar is meer wat vir hulle bid as wat hulle besef! Daarom, vergeet van jouself in jou wag op God, verruim jou hart, en sê vir God: *Die oë van almal is op U gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd* (Ps 145:15). Laat dit jou inspireer en nuwe moed gee. *Wag op die HERE! Wees sterk en hou moed, ja, wag op die Here!* (Ps 27:14, AFR20). Hou in jou gebed vas aan hierdie belofte!

# Wag op die Here! 5

5. **Wag op leiding**

> *HERE, wys my die weg wat ek moet gaan, leer my u paaie. Lei my deur u waarheid en leer my, want U, o God, is my redder.*

*Die hele dag wag ek op U.*
*Psalm 25:4-5 (NLV)*

’n Gevegsmag het nie net voorraad nodig om te kan veg nie; dit het ook instruksies nodig. So is dit ook in die geloof. Net so nodig as wat dit is om op God se voorsiening te wag, net so nodig is dit om op sy instruksies te wag.

In Psalm 25:3 stel die digter dit só: *Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Dié wat nie op U vertrou nie, hulle kom in die skande.*

Die psalmdigter het God se wet geken en liefgehad, en dit dag en nag oordink. Tog het hy besef dat dit nie genoeg is nie. Om God se woord in sy eie persoonlike situasie reg te kan toepas, het hy direkte Goddelike onderrig nodig gehad. Wat die psalm besonders maak, is dat die digter by herhaling sy behoefte aan Goddelike leiding noem, en daarmee saam ook sy onwrikbare sekerheid dat God dit vir hom sal gee.


Bestudeer die psalm tot jy ook dié twee gedagtes in jou hart vasgelê het: die absolute behoefte en die absolute sekerheid van Goddelike leiding. Dan sal jy verstaan hoekom die digter kan sê: *Die hele dag wag ek op U.*

Om op God se leiding te wag, is ’n baie geseënde deel van wag op God. Hy weet dat ons niks goeds kan doen as Hy dit nie in ons werk nie. Ons kan op Hom reken om die weg te wys, nie net in moeilike omstandighede nie, maar deur die loop van elke dag. Al wat nodig is, is dat ons daarvoor op Hom wag, stil in gebed voor Hom, tot die diep, rustige versekering ons vul, want – *vir dié wat beskeie is, leer Hy sy pad* (Psalm 25:9).

As jy in jou gebedstye jouself oorgee aan God se leiding, berei dit jou voor om die hele dag na Hom op te sien en in die vreugde van sy lig en leiding te leef. Om dit te kan doen, is net een ding nodig: die seker wete dat God die enigste bron

van wysheid en goedheid is. Dan word wag op God jou hoogste vreugde. *Wag op die Here!*

---




- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Wag op die Here! 4

4. **Wag op voorraad**

*Die Here help almal op wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is. Die oë van almal is op U gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd.*
*Psalm 145:14-15*

Waar Psalm 104 veral fokus op die skepping en die diereryk, handel Psalm 145 oor God se volk. *Die oë van almal is op U gerig* verwys spesifiek na gelowiges, na die gevallenes en die onderdruktes. Wat die diereryk onbewustelik doen, moet gelowiges doelbewus en vrywilliglik doen. Daar is niks edeler of meer geseënd in die uitoefening van ons vrye wil nie, as om dit te gebruik om op God te wag.

’n Gevegsmag kan nie sonder voorraad veg nie. Net so het ons in ons Christelike lewe elke dag, met elke tree, ons voorraad van Bo nodig. Daarom is dit noodsaaklik dat ons ’n gees van afhanklikheid van God en vertroue in Hom sal kweek wat weier om voort te gaan sonder die broodnodige voorraad van genade en krag.

Moenie *wag op God* met gebed verwar nie. In gebed gaan dit dikwels om jouself en wat jy nodig het van God. Wanneer jy op God wag, gaan dit om die God op Wie jy wag. Daarom moet jy in sy teenwoordigheid stil wees en op Hom wag. Hy wil Homself aan jou openbaar en jou met Homself vul. Buig daarom in stilte voor God en fokus op Wie Hy is, hoe naby Hy is en hoe gereed Hy is om jou te help, voordat jy bid. Word stil voor Hom en laat sy Gees toe om jou tot algehele afhanklikheid voor Hom te bring. Wag op God totdat jy weet Hy is by jou. Dan sal jou gebed heeltemal anders wees.

Laat daar tye van stilte wees terwyl jy bid, en wag dan eerbiedig en met oorgawe op Hom, vir ingeval Hy jou wil leer of in jou wil werk. Dit sal die mees geseënde deel van jou gebed word, en só verheerlik jy Hom. *Wag op die Here!*

# Wag op die Here! 3

3. **Wag soos die skepping**

*Hulle almal sien op na U om vir hulle kos te gee op tyd. Gee U vir hulle, raap hulle dit op; maak U u hand oop, word hulle*

*versadig met wat goed is.*
*Psalm 104:27-28 (AFR20)*

In hierdie aangrypende lofpsalm besing die digter God as Skepper, maar ook as Onderhouer van alles wat leef. Alles, sê die digter, is afhanklik van God, en wag op God vir hulle kos. Net so min as wat die diere hulleself kan skep, net so min kan hulle vir hulleself voorsien. Die hele skepping is onderhewig aan hierdie een onveranderlike wet: wag op die Here.

Dit is juis hiervoor dat God die wêreld geskep het – sodat Hy daarvoor kan sorg, en só sy wysheid, krag en goedheid kan toon. God is die geskape wêreld se lewe en geluk; Hy giet die rykdom van sy goedheid en krag oor hulle uit. Dit is in God se aard om onophoudelik die voorsiener van elke behoefte van sy skepsels te wees. Net so is dit die skepsels se doel en aard om op God te wag, om van Hom te ontvang wat net Hy kan gee, en wil gee.

As ons wil verstaan wat dit beteken om op God te wag en hoe ons wagtend moet leef, as ons die seën wil ontvang wat daaruit voortspruit, moet ons by die skepping begin. Dan sal ons ontdek dat dit nie ’n lukraak opdrag is nie. Dis nie net sondaars wat hulpeloos is nie; ook as verlostes bly dit ons hoogste roeping – om in salige afhanklikheid van God te leef.

Net soos die diere van die veld en die voëls en goggas op God se sorg wag, so moet ons ook, want God is die Een op Wie gewag moet word. Hy is die groot Voorsiener. Ons verhouding tot Hom is een van afhanklike verwagting.

Maak dit die kenmerk van jou lewe en aanbidding – ’n voortdurende, nederige wag op God. Hy wat jou vir Homself gemaak het en Homself vir jou gegee het, sal jou nooit teleurstel nie. Wag op Hom, en jy sal rus en vreugde en krag ontvang, want Hy sal elke behoefte van jou vervul. Wag op die Here!

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026